# Les 03 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: ONS IS GEDOOP IN SY VOLLE NAAM

## 1. Mense noem ons verskillende name

**Kom ons gee vir elkeen geleentheid om die volgende vrae te antwoord!**

- **Wat noem jou pa of ma, oupa of ouma jou as hulle met jou praat?**
- **Wat noem jou onderwysers jou?**
- **Met watter name is jy gedoop?**

Pa of Ma noem jou baiekeer op jou naam. Ander kere noem hulle jou seun, sus, boet, my meisie, meisiekind of seunskind.

Onderwysers noem jou op jou naam, maar hulle noem jou nie: “my seun” of “my meisiekind” nie.

Baie min mense noem jou al die name waarmee jy gedoop is as jy meer as een het.

## 2. Daar is ‘n verskil tussen name en volle name

Daar is baiekeer ‘n verskil tussen name en volle name. Wanneer mense met jou praat, dan noem hulle jou gewoonlik net op jou naam, soos Jean, Jan, Cornelia of Marlize.

Maar wanneer jy skool toe gaan of vir die eerste keer dokter toe gaan, dan vra hulle: “Wat is jou volle name”? Dan sê jou pa of ma: Jean Francois Pieter le Roux, of Jan Hendrik Abraham Naude, of Cornelia Petronella Johanna Botha, of Marlize Susanna Ronel van Zyl.

Wat is ons volle name?

Dit is die name waarmee ons gedoop is!

Maar jou naam wat mense jou noem as hulle met jou praat, is baiekeer anders as jou doopname. Jy is gedoop Cornelia Petronella Johanna Botha en dan noem mense jou – Petro.

## 3. Ons is gedoop in God se volle naam

God het ons ook verskillende name gegee waarmee ons Hom kan aanbid en Hom aanroep.

Kan julle dink aan ‘n paar name wat ons gebruik as ons tot die Here bid?
Hier is ‘n paar: God, Here, Vader, die Almagtige, Jesus, die Heilige Gees.

Kom ons lees Matteus 28 verse 18 – 20: *“[18] Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19] Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*.”

Ons is gedoop in die volle Naam van God! Die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees, is God se volle Naam net soos Jan se volle naam Jan Hendrik Abraham Naude is.

Kyk hoe besonders is dit!

By die doop is jou volle naam vir almal genoem en het die dominee jou met jou volle naam gedoop. Hy het nie sommer maar net gesê: “Jan, ons doop jou ” nie . Hy het gesê: “Jan Hendrik Abraham Naude, ons doop jou..”

En toe, nadat hy jou volle Naam gesê het, het hy jou in God se volle Naam gedoop: in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

| |
|---|
| Jou volle naam is genoem toe jy<br>in die volle naam van God gedoop is:<br>die Vader en die Seun en die Heilige Gees. |

## **4. Ons word in God se volle Naam gedoop omdat ons heeltemal aan Hom behoort en Hy altyd vir ons goed is**

### 4.1 Skriflesing: Efesiërs 1 vers 3

Kom ons kyk wat leer die Bybel ons, hoekom ons in God se volle Naam gedoop word! Kom ons lees Efesiërs 1 vers 3 saam.

“[3] *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is*.”

Kom ons oefen om die tweede deel van die vers te onthou, saam hardop, of een-een!

“*Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is*.”

  - **Geseën: behoort en versorg** Wanneer God jou Syne maak en Hy vir jou goed is, dan noem ons dit ‘n seëning. Dit is wat die Here se seën beteken. Ons behoort aan Hom, ons is Syne. Hy sorg vir ons, Hy is vir ons goed.

  - **In die hemel: veilig en gewaarborg** Die seëninge is in die hemel omdat Jesus Christus in die hemel is: Hy sorg dat alles wat goed is in die hemel, ons s’n word. Niemand op aarde kan dit by die Here steel of van dit wegvat nie. Hy hou ons seëninge veilig.

- **Al die seëninge: heeltemal alles!** Ons word met al die seëninge van God geseën. Dit beteken ons behoort heeltemal aan die Here, nie net ‘n bietjie of net partykeer nie. God sorg ook heeltemal vir ons, nie net ‘n bietjie of partykeer nie.

**4.2 God se volle Naam wys Hy sorg vir alles, ons sorg vir niks nie**

<u>**In die Naam van die Vader**</u>

Wie moet sorg dat ons heeltemal aan die Here behoort en Hy vir ons heeltemal goed is? Ons of God? Die Here leer ons in hierdie vers dat dit net Hy is wat daarvoor sorg!

| |
|---|
| Dit is God die Vader wat ons seën.<br>Dit is nooit ons wat onsself moet seën nie. |

God wil vir ons sorg en Hy sorg goed vir ons. Ons hoef nie te maak dat God vir ons wil sorg nie. Ons het Hom nie ons Vader gemaak wat vir ons moet sorg en goed moet wees nie. Hy het ons gemaak as Sy kinders om vir ons goed te wees. Dit is ook nie ons ouers of ons vriende wat maak dat God die Vader ons seën nie. Al is ons of ons ouers sondig en ongehoorsaam, sal God nog steeds besluit om vir ons goed te wees.

<u>**In die Naam van die Seun**</u>

| |
|---|
| Jesus doen alles sodat God vir ons goed is,<br>ons doen niks nie. |

Deur wie seën Hy ons? Dit is in en deur Jesus Christus, die Seun, wat Hy ons seën. Jesus doen alles vir ons sodat God vir ons goed is. Ons hoef nie iets goeds te doen voordat die Here vir ons sorg nie. Ons hoef nie eers soet te wees, eers te bid, eers lief te wees vir die Here of na die Here te luister voor ons aan Hom behoort, of Hy vir ons goed is nie. God seën ons nie deur ons gebede, ons gehoorsaamheid of ons soetwees nie.

Jesus sorg dat Hy alles doen sodat die Vader vir ons goed is.

**In die Naam van die Heilige Gees**

Wie maak die seëninge elke dag deel van ons lewe? Dit is die Heilige Gees. God besluit nie maar net in die hemel ons behoort aan Hom in die hemel en Hy sal vir ons in die hemel goed wees nie.

Hy sorg dat ons op aarde deel is van Sy goedheid en aan Hom behoort. Dit is wat die Heilige Gees doen. Hy sluit ons op aarde binne-in die Here en Sy goedheid in.

Daarom is dit die Heilige Gees wat ons seker laat voel en seker laat weet: ek behoort aan die Here en die Here is vir my goed – altyd en met alles. Ek hoef nie self soos 'n kind van God te voel of te dink ek is 'n kind van die Here nie. Ek hoef myself nie te oortuig of seker te maak ek behoort aan die Here nie. Die Here sal my seker maak.

> Die Heilige Gees laat my seker voel en verseker weet dat ek aan die Here behoort en dat Hy goed is vir my.

## 5. Werksopdrag

Gaan vra vir Pa of Ma, of jou oupa of ouma, hierdie raaisel: "Wat is God se volle Naam"? As hulle nie weet nie, dan sê jy vir hulle jy sal hulle 'n bietjie help en dan vra jy vir hulle: "In wie se Naam is ek gedoop"? As hulle nie kan raai nie, dan kan jy vir hulle sê:

> My volle naam is genoem saam met God
> se volle Naam toe ek gedoop is:
> die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dan sê jy vir hulle hoekom jy in God se volle Naam gedoop is:

> Ek behoort heeltemal aan God en
> Hy sorg altyd, en vir alles, goed!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

________________________________.
Handtekening: ouer of voog.